Hoërskool Framesby 50
HANDHAAF EN BOU

FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: **nuusbrief@framesby.co.za**

Uitgawe 83: 6 Mei 2016

DIE VOLGENDE 50 LÊ VOOR!

Met die feesvieringe wat vir eers agter die rug lê, is dit nou die verantwoordelikheid van almal betrokke by Framesby om daadwerklik te bou aan 'n nalatenskap wat Framesby in die toekoms steeds sal definieer. Dat hierdie skool in 'n halfeeu kon groei van 'n skooltjie wat amper ewekansig hier "geplant" is deur die Departement van Onderwys, tot die formidabele opvoedkundige inrigting wat dit vandag is, getuig van ongelooflike ywer en toewyding van die onderwysers, ouers en leerders wat ons voorgegaan het. Daarom kan ons nie terugdeins van ons verantwoordelikheid om met dieselfde ywer en entoesiasme verder te bou aan hierdie nalatenskap nie.

Die uitdagings is enorm. Afrikaans as opvoedkundige taal is toenemend onderdruk. Die norme en waardes wat oor jare as vanselfsrekend aanvaar is, is nie noodwendig vandag meer die hoekstene van ons gemeenskap nie. Sosiale media en die ontploffing in die elektroniese tegnologie het 'n leefwyse tot stand gebring wat vir baie van ons nie net vreemd is nie, maar ook onseker laat oor hoe om dit te "embrace" en tot ons kinders se voordeel te benut. Maklik is dit nie, en die duiwel is listig!

Waar die rol van die skool 50 jaar gelede saam met dié van die kerk sentraal gestaan het in die kind se opvoeding, word dit dikwels vandag afgemaak as amper irrelevant. Daarom juis dat ons nou as vennote hande moet vat en hierdie skool op die pad vorentoe neem met die vaste voorneme om Framesby te vestig as 'n ligbaken vir almal wat ons waardesisteem onderskryf.

DRINGEND BENODIG: VERBLYF VIR DIE LA ROCHELLE-DOGTERS

Volgende naweek besoek die Hoër Landbouskool Boland en die Hoër Dogterskool La Rochelle ons vir die jaarlikse bepaling in rugby, netbal en hokkie. Ons het verlede jaar 'n baie aangename uitstappie na die Paarl onderneem, en weet dat hierdie bepaling sterk kompetisie sal oplewer, maar ook die geleentheid sal bied om nuwe vriendskappe te smee.

Die Boland Landbou-seuns sal elders tuisgaan, maar ons benodig dringend verblyf vir Vrydagaand, 13 Mei, vir ongeveer 120 dogters van La Rochelle. Alhoewel ons nie gereeld besoekende spanne huisves nie, glo ons dat ons ouers ons in hierdie saak sal ondersteun. Dit sal daarop neerkom dat u die dogter(s) die Vrydagaand huisves, en hulle sal voorsien van aandete en ontbyt, en hulle Saterdagoggend by die skool sal besorg. Huisvesting kan deur enigiemand voorsien word, nie net die netbal- en hokkiedogters nie.
Ons besoekers behoort tussen 16:00 en 17:00 hier te wees waarna hulle uitgeplaas sal word. Kontak gerus mnr. Scriven by die skool indien u kan help.

U sal binnekort 'n brief in hierdie verband ontvang en ons wil u ernstig versoek om ons in hierdie saak heelhartig te ondersteun.

Die Eksamenrooster vir Junie is op bladsy 2

Raadpleeg asb die Akademiese Kalender vir die SBA-datums van hierdie kwartaal

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag
Miguel de Allende 12C
Jordan Lombard 10B

Sondag
Gerhard Delport 9D
De Wet Erasmus 10G
Ashley Kapp 10D

Maandag
Ashton Dunn 11F
Leah Nell 11C
Clayton van Vuuren 8C

Dinsdag
Eugene van Rooyen 11F
Esmi Windwaai 8C

Woensdag
Kayla Barkhuysen 9E
Megan Steyn 10E

Donderdag
Sharni Diedricks 11E
Teswell Erasmus 8F
Minke Oelofse 10F

Vrydag
Rosalie Eisenberg 9G
Wesley Els 11E
Aaliyah Goliath 8G

FRAMESBY PRESTEER!

LANDLOOP-ATLETE BRILJANT IN FRAMESBY-AFLOS

Verlede Woensdag het die jaarlikse Build It-Framesby-aflos plaasgevind en altesaam 45 spanne het deelgeneem. Daar is 4 atlete in 'n span en elke spanlid hardloop 2km oor dieselfde roete. Daar is 3 afdelings, naamlik 'n seuns-, dogters-, en 'n gemengde afdeling. Framesby het skoonskip gemaak deur die dogters- en seunsafdeling in te palm.

Baie geluk aan al ons atlete, en in besonder 'n woord van GROOT dank aan mev. Cronjé en al haar helpers wat hierdie geleentheid moontlik gemaak het deur hul harde werk en toewyding!

Ons seëvierende dogters- en seunsspanne

EKSAMENROOSTER VIR DIE JUNIE-EKSAMEN

Tydens die Junie-eksamen word daar voorsiening gemaak vir twee skryfsessies per dag. Die eerste sessie begin om 07:40 en almal skryf klaar om 11:30, waarna die leerders huis toe kan gaan. Die tweede sessie begin om 12:30 en die lengte van die betrokke vraestel sal die lengte van die skryfsesssie bepaal. Leerders wat tydens die middagsessie eksamen skryf, moet om 12:00 by die skool aanmeld.
Alhoewel die rooster hieronder finaal is, mag daar klein wysigings gemaak word by enkele vakke. Die volgorde van die rooster behoort egter nie te verander nie. Elke huishouding sal binnekort die volledige finale rooster ontvang waarop die tydsduur van elke vraestel aangedui sal word.

	Graad 8	Graad 9	Graad 10		Graad 11		Graad 12	
			Oggend	Middag	Oggend	Middag	Oggend	Middag
Wo. 1 Jun.	EBW	Eng. 1	CAT 1 IT 1		FW 1 Toer		LW	Mus. 1
Do. 2 Jun.	Eng. 1	Teg.	Afr. 1	LO	Eng. 2	Mus. 1	Afr. 2	
Vr. 3 Jun.	Afr. 1	SW (Geo)	Rek. Toer.		IT1 VS		Wisk 1 WG 1	
Ma. 6 Jun.	Wisk	NW(FW)	Wisk 1 WG		LW		Wisk 2 WG 2	
Di. 7 Jun.	LO	Afr. 1	VS Mus. 1		Afr. 2		IT 1	Eng 1
Wo. 8 Jun.	NW(LW)	LO	CAT 2 IT 2		Wisk 1 WG 1		CAT 1	
Do. 9 Jun.	SW(Gesk)	Eng 2	FW 1		BS		Eng. 2	IGO 1
Vr. 10 Jun.	SK	EBW	Afr 2		Eng 1		Rek Mus 1	
Ma. 13 Jun.	NW(FW)	SW(Gesk)	FW 2		CAT 1	IT 2	FW 1	
Di. 14 Jun.	Eng 2	Wisk	Eng 1	IGO	Wisk 2 WG 2		Afr 1	IGO 2
Wo. 15 Jun	SW(Geo)	Afr 2	LW		Geo 1	Geo 2	BS	CAT 2
Ma. 20 Jun.	Afr 2	Xho Mus	BS	Mus 2	FW 2		FW 2	
Di. 21 Jun	Teg	SK	Wisk 2		LO	CAT 2	VS IT 2	
Wo. 22 Jun.	Mus. Prak.	Mus. Prak.	Geo 1	Geo 2	Rek		Toer	
Do. 23 Jun.	Xho Mus	NW(LW)	Eng 2		Afr 1		LO	
Vry. 24 Jun.	**SKOLE SLUIT**							

ONS LEERDERS IS BESIG .....

Kayla en Monique Ferreira het die afgelope naweek aan die SA Presidente Stoei Kampioenskappe in Johannesburg deelgeneem. Kayla het n silwermedalje verower en Monique het haar SA klere verwerf deur n goue medalje te verower.

RUGBYSPANNE KOOK BY GREY!

Tydens die afgelope langnaweek het ons O/14-, O/15- en O/16-spanne asook die eerstespan aan die Grey Rugbyfees deelgeneem en uitstekend gevaar.

Op Saterdag 30 April het die O/14A-span Dale College 45-0 geklop en op Maandag Queens College 29-5 kafgedraf. Ons O/15 A-span het teen Graeme College en Queens gespeel en 68-0 en 32-7 gewen. Die O/16 A's het ook teen Dale en Queens gespeel en 45-5 en 27-3 gewen. Die eerstespan het op die Saterdag gelykop gespeel teen St. Alban's van Pretoria, en Maandag ongelukkig 12-20 teen Queens College vasgeval. Hulle het werklik uitstekend gespeel en ongelukkig nie al hul kanse benut nie. Dinge lyk egter baie belowend vorentoe!

Baie geluk aan al ons spanne met hierdie pragvertoning!! Ons is veral opgewonde oor ons junior rugby en sien met GROOT verwagting uit na die res van die seisoen.

WEDSTRYDPROGRAM VIR GRENS-BEPALING

Nadat die bepaling tussen Framesby en Hoërskool Grens in 1999 doodgeloop het, is dit verlede jaar hervat toe Grens ons hier kom besoek het. Vanjaar reis ons na Oos-Londen en die busse vertrek môre-oggend reeds vanaf 04:00. As die weer dit toelaat, behoort die dag wonderlike wedstryde in Hokkie, Netbal en Rugby op te lewer. Die hokkiewedstryde saal op die bane van Cambridge High School gespeel en sommige van ons spanne sal teen Cambridge in aksie wees. Baie sterkte aan al ons spanne, en mag ons hulle wys wie is Framesby nou eintlik! Die program vir die dag is as volg:

NETBAL			
	Baan A	**Baan B**	**Baan C**
08:00	16A		
09:00	16B	19D	14B
09:35	14A	19C	16D
10:10	19B	16C	
10:45	19A		

HOKKIE vs Grens(G) Cambridge(C)			
Astro		**A-Veld**	
08:30	O/14 (C)		
09:20	19C (G)	09:30	19D (C)
10:10	19A (G)	10:20	16B (C)
11:10	16A (C)	11:10	16C (G)
12:00	19B (C)		

RUGBY					
A-Veld		**B-Veld**		**C-Veld**	
09:00	14A	09:00	16B		
10:00	15A	10:10	19C	10:10	14B
11:10	16A	11:20	15B		
12:20	19B				
13:30	19A				

PROGRAM VIR VOLGENDE WEEK

Saterdag 7 Mei	Sondag 8 Mei	Maandag 9 Mei	Dinsdag 10 Mei	Woensdag 11 Mei	Donderdag 12 Mei	Vrydag 13 Mei
Sport vs Grens Rugby Netbal Hokkie vs Grens en Cambridge	**Hokkie** OP O/16 Proewe **Muurbal** OP proewe	**Dag 1**	**Dag 2** **Hokkie vs VP** Junior spanne	**Dag 3** **Landloop** Liga 3 HTS Newton **Rugby** OP proewe **Cradock**	**Dag 4** **Hokkie vs VP** Senior spanne **Wetenskap Expo**	**Dag 5** Boemelaarsdans **Gholf vs** Boland Landbou Ontvang Boland Landbou en La Rochelle

ALGEMEEN EN SIELSKOS

OM TE KAN ONTVANG

VREEMD hoe swaar dit vir baie van ons is om te ontvang. Iets aan te neem van ander. As geskenk. As guns. As vrye daad van liefde en ontferming. Baie van ons kán as`t ware nie ontvang nie. As ons die slag iets kry, as geskenk, wil ons dadelik 'n tëeprestasie lewer. Iets teruggee, betaal. Die gewer beloon. Ons wil nie in die skuld wees nie. Nie lyk of ons enigsins afhanklik is van andere nie. Van liefde, en gunste en gawes, van goedheid en genade nie. Ons wil verdien wat ons toekom. En verder self klaarkom.

Het dié gevoel by baie van ons dalk iets te make met die drang van moderne mense om outonoom te wees? Op eie bene te staan? Onafhanklik te lewe, van alles en almal? Dit kan wees. Maar dit gaan definitief ook verder terug. Tot in die Bybel. Dink maar aan Jesus se gelykenis van die amptenaar wat so oneindig veel geskuld het (Matt.18:21-35). Dis 'n drama in twee tonele. As die koning in die eerste toneel eis dat hy moet betaal, pleit hy vurig om uitstel sodat hy alles kon betaal. Natuurlik was dit onmoontlik. Maar die koning ontferm hom in genade en spreek hom vry. As hy oomblikke later in die tweede toneel iemand raakloop wat hom 'n geringe bedraggie skuld, eis hy onverbiddelik wat hom toekom. Die arme man pleit met presies dieselfde woorde as wat hy pas tevore voor die koning gebruik het behalwe dat die beloftes dié keer uitvoerbaar is maar hy weier en gooi die arme drommel in die tronk. Waarop die koning, as hy die storie hoor, sy eie vryspraak terugtrek en die onbarmhartige oorgee aan die oordele. Dis 'n ongelooflike ryk verhaal, maar 'n mens kan ook dít se. Die wortel van sy probleem is nie dat hy nie (vergifnis) kon géé nie, maar dat hy nie (vergifnis) kon ontváng nie. Sake loop nie eens skeef in die tweede toneel op die trappe nie, maar reeds in die eerste toneel in die troonsaal. Hy verstaan nie wat daar met hom gebeur nie. Hy begryp nie wat hy ontvang nie. Nie eens dát hy iets ontvang nie. Hy kan nie erken dat hy behoefte het om te ontvang nie. En daarom ontvang hy dit ook nie soos later sou blyk. Dalk is hy onder die indruk dat sy slim argument en valse beloftes die koning oorreed het! Dat sy goeie plan en gladde pleidooi sy vryheid verdien het! Dalk is dit dié dat hy hom nie so maklik gaan laat vang deur dieselfde patetiese belofte as die liggelowige, vrygewige, genadige koning nie!

Ons léér dat ons afhanklik is van liefde én vergifnis! in ons vriendskappe. Maar miskien het ons nie regtig vriende nie. Omdat ons dalk nie regtig vriende is of wil wees nie. Verkies om alleen te wees. Eilande. In beheer. Mense wat nie nodig het om te ontvang nie.

Ons leer en oefen ook elke Sondag in die erediens om te ontvang. As die vriendelike groete van God aan ons geskenk word in die votum! As die genadige, onverwagte vryspraak oor ons uitgespreek word! As Gods goeie nuus van troos en hoop aan ons verkondig word! As die nabyheid en sorg van God aan ons belowe word in die sëenbede! In die kerk leer ons om te ontvang en om gesëen te word, waardeur ons bevry word om self ook te kan géé en sëen.

Dalk besef ons nie altyd mooi wat daar gebeur nie. Wat ons alles daar ontvang nie. Hoe nodig ons dit het nie. Maar hoe gaan ons dan ooit besef wat met Kérsfees gebeur?

Uit *Die Burger* 19 Desember 1998

FRAMESBY-MANNE MAAK HUL STEWELS LOS!

Baie van ons rugbyspelers is in die gelukkige posisie om baie gereeld nuwe rugbystewels (toks) te kan aankoop, terwyl ander dit bloot nie kan bekostig nie. In die lig hiervan is ‘n inisiatief ‘n tyd gelede van stapel gestuur om spelers aaan te moedig om hul gebruikte stewels, wat nog in ‘n bruikbare toestand is, te skenk sodat spelers wat dit nodig het, wel stewels kan bekom.

Ons wil graag baie dankie sê vir die goeie ondersteuning wat ons ontvang het vanaf ons leerders en ouers aangaande hierdie projek. Hier by Framesby glo ons dat elke leerder die geleentheid moet kan hê om aan sport deel te neem en dat die bekostigbaarheid van sporttoerusting nooit 'n nadeel vir ons leerders moet wees nie. Ons het onlangs weer 'n beroep gedoen op ons leerders en ouers om vir ons rugbystewels te skenk wat dalk te klein is vir hulle, en die terugvoer was uitstekend. Ons het altesaam 15 pare toks ontvang! Enigie persoon wat dalk ander toerusting het om te skenk, kan gerus met mnr. Francois van der

Mnr en mej Framesby 2016
Leslie Sharp en Cailtin Garbers